
# 393 Ootmoedig buig ek voor U neer




U liggaam, so vir my gebreek,
is hemelsbrood vir my;
u hart wat hulle daar deurboor
stel lewenswater vry.

Simbool van liefde word die kruis,
as ek dit so aanskou,
want, Lam van God, ek weet gewis;
daardeur word ek behou.

U smaad en smart vergeet ek nooit,
van U het ek geleer:
‘n dienaaar is nie hoër, ooit,
as meester of as heer!

En, staan ek eenmaal voor U, Heer,
klink in my oor so skoon,
die woorde van erkenning, teer,
as ek U nooit verloën.

Onbekend

Islington Psalmodie (1854)